

Sondag 9 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 16:1-21

Fokusgedeelte: Jeremia 16:19-20 (1983-vertaling)

Die Here is werklik die enigste God

Jeremia was verbied deur die Here om deel te neem in die daaglikse lewe van die volk, om sodoende te illustreer dat die Here onttrek het uit die lewe van die volk (vs 1-9). As rede vir hierdie boodskap wys die Here daarop dat die volk Hom verlaat het om agter afgode aan te gaan en hulle te aanbid. Die volk het hulleself verhard teenoor die Here omdat hulle mensgemaakte gode aanbid het. Daarom, as straf sal die Here die volk wegslinger uit die land om in 'n ander land, dag en nag, hierdie afgode te aanbid. Met ander woorde, die Here gee sy volk oor om hierdie sinnelose afgode te aanbid tot hulle eie verderf.

Selfs as die Here se volk vandag is ons al te geneig om afgode te aanbid. Ons afgode staan dalk nie in fisiese tempels nie, maar hulle woon meestal in ons eie harte. So hoe moet ons maak? Ons dien afgode omdat ons wil hê hulle moet ons toevlug, beskutting en sterkte wees. Ons sal aanhou om hierdie afgode te aanbid totdat ons soos Jeremia hierdie dinge alleen in die Here begin soek (vs 19). Anders as vir Jeremia, kan ons dit sien as ons besef dat Christus ons nie oorgegee het aan die dood wat die uiteinde is van alle afgodsaanbidding nie. Hy het as God die dood oorwin deur te betaal waaraan ons skuldig was. Dit is die duurste prys wat betaal is vir enige van ons. Geen afgod van ons eie lewens sal of kan dit ooit vir ons doen nie. Net die werklike God van die hemele en die aarde het dit vir ons gedoen.

Laat hierdie waarheid deur die Gees jou hart vasgryp en versterk voor die Here, Hy wat ons sterkte, beskutting en toevlug is.

Sing: Psalm 16-1:1-2

Teologiese Student Jandré Coetsee